



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

2019

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.
3. Lees die vrae aandagtig deur en beantwoord slegs wat gevra word.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 In die winter ontvang die ... helling langer lig deur die dag, daarom is dit die warmste.

- A oostelike
- B westelike
- C noordelike
- D suidelike

1.1.2 Die drakrag van natuurlike weiding kan verhoog word deur ...

- A 'n beplande wisselweidingsprogram.
- B 'n verhoogde aantal diere.
- C onbeheerde veldbrande.
- D 'n verhoging in die weidingsperiode.

1.1.3 ... is die belangrikste faktor wat die keuse van 'n boerderyonderneming beïnvloed.

- A Die kwalifikasies van die plaasbestuurder
- B Klimaatsfaktore op die plaas
- C Natuurlike plantegroei op die plaas
- D Beskikbaarheid van arbeid

1.1.4 Die ... gee die daaglikse in- en uitvloeï van geld in 'n boerderyonderneming weer.

- A Balansstaat
- B begroting
- C Kontantvloeistaat
- D Inkomstestaat

1.1.5 ... boerdery kan voedselsekerheid vir huishoudings in landelike gebiede verseker.

- A Bestaans-
- B Ekstensiewe
- C Kommersiële
- D Intensiewe

- 1.1.6 Mark- ... is waar die hoeveelheid van 'n produk wat verbruikers benodig, gelyk is aan die hoeveelheid wat produsente graag wil verkoop.
- A waarde
 - B ewewig
 - C navorsing
 - D plek
- 1.1.7 Die doel van die prosessering van landbouprodukte op die plaas is om ...
- A aan verbruikersvoorkeure te voldoen.
 - B meer duur produkte te produseer.
 - C inkomste vir die boer te verhoog.
 - D arbeidsbetrokkenheid te verhoog.
- 1.1.8 'n ... word deur 'n sakeonderneming uitgereik en dui die moontlike herstelkoste van plaastoerusting aan.
- A Kwitansie
 - B Faktuur
 - C Kredietnota
 - D Kwotasie
- 1.1.9 Die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet 119 van 1990) beheer die ...
- A bestanddele wat tydens prosessering by voedsel gevoeg mag word.
 - B gradering van geprosesseerde plaasprodukte.
 - C etiketvereistes van geprosesseerde voedsel.
 - D persele waar voedselprosessering plaasvind.
- 1.1.10 ... is 'n funksie van landboumarkte.
- A Verskansing
 - B Beplanning
 - C Evaluering
 - D Prosessering
- (10 x 2) (20)

- 1.2 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by 'n term/frase in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.11 M. Gebruik elke beskrywing in KOLOM B slegs EEN keer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Beweeglike kapitaal	A	plaaswerker wat slegs gedurende oestyd op die plaas werk
1.2.2	Langtermynkrediet	B	gebruik deur 'n boer om saad en kunsmis aan te koop
1.2.3	Seisoenale arbeider	C	landbousektor waarbinne veeartsenydienste geplaas is
1.2.4	Agritoerisme	D	verseker dat arbeiders teen hoër produktiwiteitsvlakke werk
1.2.5	Ekstensiewe boerdery	E	bates soos vee en toerusting
1.2.6	Grondontleding	F	chemiese proses om die voedingstofvlak in grond te bepaal
1.2.7	Tersiêre landbou	G	die bestuursbeginsel wat hulpbronne korrek aanwend om die doelstellings van die onderneming te bereik
1.2.8	Motivering	H	boerderymetode wat op 'n groot landery met minimale insetkoste toegepas word
1.2.9	Laste	I	gebruik deur 'n boer om grond aan te koop
1.2.10	Organisering	J	'n boerderyonderneming wat mense akkommodeer en hulle aan landbouaktiwiteite blootstel
		K	rekeninge wat teen die einde van die maand betaal moet word
		L	boerderymetode met hoë arbeidsbehoefes

(10 x 2)

(20)

- 1.3 Gee die KORREKTE landbouterm vir ELK van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 Rekordhouding.
- 1.3.1 Die afname in waarde van bates soos voertuie, masjinerie en gereedskap wat deur ouderdom en slytasie veroorsaak word
- 1.3.2 Toerusting benodig om akkuraat rekord te hou van watertoediening wanneer 'n sprinkelbesproeiingstelsel gebruik word
- 1.3.3 'n Dokument wat die verwagte inkomste en uitgawe van 'n boerderyonderneming vir 'n spesifieke tydperk toon
- 1.3.4 'n Volledige lys van items van waarde op 'n plaas
- 1.3.5 Die verwydering van vog uit produkte om die groei van mikro-organismes te voorkom (5 x 1) (5)
- 1.4 Die volgende stellings is VERKEERD. Verander die ONDERSTREEPTE woord om die stellings KORREK te maak. Skryf die antwoord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 Vaste kapitaal.
- 1.4.1 Eienaarsbelang is die totale bedrag geld wat in een seisoen deur 'n boerderyonderneming ingebring word.
- 1.4.2 By koöperatiewe bemarking is die boer verplig om 'n sekere hoeveelheid produkte teen 'n vasgestelde prys aan 'n spesifieke besigheid, soos ooreengekom, te lewer.
- 1.4.3 Presisieboerdery is die praktyk by bewerkbare heuwelagtige grond waar die rigting van afvloeiwatervan teen die helling af na om die helling verander word.
- 1.4.4 Grondstruktuur verwys na grondpartikelgrootte.
- 1.4.5 Gedeeltelike plaaswaardasie sal die waardasie van al die verskillende produksie-aktiwiteite op die plaas insluit. (5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B**VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING**


Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.

- 2.1 Die inligting hieronder toon die bywoning van plaasarbeiders vanaf Vrydag 1 Februarie 2019 tot Donderdag 17 Februarie 2019.

ARBEIDER	DATUMS AFWESIG	REDES
1	4 tot 7	Versorg broer wat siek is
2		
3	4 tot 8	Siek met griep
4	12 tot 14	Woon studiekursus oor bestuur by
5	1 en 4	Soek plek in 'n skool vir kinders en registrasie
6	6	Gaan na Binnelandse Sake om ID-kaart af te haal

- 2.1.1 Gebruik die inligting hierbo om 'n bywoningsregister vir Februarie 2019 vir die boerderyonderneming op te stel. Dui slegs die dae afwesig met die letter **A** aan. (5)
- 2.1.2 Bepaal die tipes verlof wat werkers 1, 2, 3, 4 en 6 geneem het. (5)
- 2.2 Wisselweiding kan slegs op 'n plaas toegepas word indien die plaas in kampe verdeel is.
- 2.2.1 Beskryf VIER beginsels wat toegepas moet word wanneer weiding in kampe verdeel word. (4)
- 2.2.2 Verduidelik DRIE voordele van kampe in 'n voergewas-produksiestelsel. (3)
- 2.3 Noem en verduidelik DRIE faktore wat die tipe tegnologie wat op 'n plaas benodig word, bepaal. (6)
- 2.4 Persoonlike fondse (eie spaargeld) kan as 'n bron van kapitaal vir die plaas gebruik word.
- 2.4.1 Noem TWEE voordele van die gebruik van persoonlike fondse as kapitaal. (2)
- 2.4.2 Verduidelik EEN nadeel van die gebruik van persoonlike fondse as kapitaal. (2)

- 2.5 Presisieboerdery het VIER basiese stappe, naamlik beplanning, resultate verkry, toepassing en analisering. Voltooi die diagram hieronder deur die stappe in die korrekte volgorde te plaas.



- 2.6 Beskryf kortliks hoe die volgende afstandsbepalingtoepassings vir presisieboerdery voordelig kan wees:

- 2.6.1 Grondkaarte (2)
- 2.6.2 Veranderliketempo-tegnologie (VTT/'VRT') (2)
- 2.6.3 Waterstres (2)

- 2.7 'n Boer wil 'n plaas van 2 000 ha tot 3 000 ha vergroot. Hy/Sy koop besproeiingsgrond op 'n veiling. Drie permanente arbeiders en twee tydelike arbeiders werk op die plaas.

Identifiseer die landbouhulpbronne in die scenario hierbo en gee 'n rede vir jou antwoord.

- 2.8 Noem DRIE faktore wat 'n boer in ag moet neem wanneer hy/sy die getal werkers en die vlak van meganisasie op 'n plaas kombineer. (3)
- 2.9 Beskryf hoe inligting wat uit grondmonsters verkry word koste kan verlaag en produktiwiteit op die plaas kan verbeter. (4)

[50]

VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING, BESIGHEIDSBEPANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU**Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.**

3.1 Die finansiële rekordhoudingsproses begin met brondokumente wat ontvang of uitgegee word.

3.1.1 Onderskei tussen die volgende:

(a) Brondokument (2)

(b) Inkomstestaat (3)

3.1.2 Gee TWEE voorbeelde van brondokumente wat in landboubesigheid gebruik word. (2)

3.2 Marknavorsing lei tot die identifisering van 'n teikenmark.

3.2.1 Definieer die term *teikenmark*. (2)

3.2.2 Noem en beskryf die VIER aspekte (elemente) in die bemarkingsresep. (8)

3.3 Die tabel hieronder toon waardes van 'n gewasproduk wat per week verkoop is.

HOEEVEELHEID VAN PRODUK (SAKKE/WEEK)	PRYS (R/SAK)
2 500	5
1 500	10
1 000	15
750	20
500	25
250	30

3.3.1 Gebruik die data in die tabel hierbo en trek 'n lyngrafiek om die verband tussen hoeveelheid verkoop en die prys te toon. (6)

3.3.2 Gebruik die grafiek in VRAAG 3.3.1 en verduidelik die verband tussen prys en hoeveelheid aangevra. (4)

3.3.3 Vanaf die tabel hierbo, bepaal die prys waarteen die meeste produkte deur verbruikers gekoop is. Regverdig jou antwoord. (2)

3.3.4 Verduidelik die uitwerkings van die verandering in markpryse op die hoeveelheid produkte wat deur die boer verskaf word. (4)

3.4 Entrepreneurskap is belangrik vir ekonomiese groei en dit lei tot die ontwikkeling van nuwe besighede. Ontwerp 'n telkaart en toon die faktore wat entrepreneurs in landbou kan gebruik om 'n besigheidsgeleentheid te evalueer. (6)

3.5 Bestudeer die Kontantvloeietaal hieronder.

KONTANTVLOEIOPSOMMING	JAN. (R)	FEB. (R)	MRT. (R)
Beginsaldo	10 000,00	7 200,00	-2 800,00
Totale inkomste <ul style="list-style-type: none"> • Verkope: Gewasse en vee • Kapitaalverkope: Masjinerie • Nie-plaas-inkomste: Verhuring van implemente 	2 000,00	15 000,00	33 000,00
Totale uitgawes <ul style="list-style-type: none"> • Bedryfsuitgawe: Lone, insette • Kapitaalaankope: Vee • Nie-plaas-uitgawes: Medies 	4 800,00	25 000,00	5 500,00
Wins/Verlies	-2 800,00	-10 000,00	27 500,00
Eindsaldo	7 200,00		

3.5.1 Bereken die eindsaldo vir die volgende maande:

(a) Februarie (2)

(b) Maart (2)

3.5.2 Gee die boer raad oor hoe om die veranderinge in inkomste te oorkom. (2)

3.6 In die lys hieronder, identifiseer die beskrywing van 'n organisasie wat die beste by ELK van die volgende kategorieë (3.6.1 tot 3.6.5) pas

BESKRYWING VAN ORGANISASIES
Koöperasies
Transnasionale maatskappy
Groothandelaar
Kommissie agent
Prosesseerder
Onafhanklike private onderneming

3.6.1 Markagente tree namens boere of groothandelaars op (1)

3.6.2 Skakel rou landbouprodukte in nuwe produkte om (1)

3.6.3 Gespesialiseerde bemaking waar 'n poelsisteem vir produkte gebruik word (1)

3.6.4 Groot organisasies wat in meer as een land sake doen (1)

3.6.5 Versprei goedere vanaf produsente na kleinhandelaars (1)

[50]

VRAAG 4: OES, VERWERKING, BESTUUR EN AGRITOERISME**Begin die vraag op 'n NUWE bladsy.**

- 4.1 Elke oesmetode het sy eie voordele. Teken 'n tabel in die ANTWOORDEBOEK en klassifiseer die voordele in die lys hieronder volgens hand-oes of masjien-oes.

goedkoop, vinnig, selektiewe oes, hoë produktiwiteit, groter areas, minder skade aan produkte
--

(6)

- 4.2 Gee VYF redes vir die sortering van plaasprodukte. (5)

- 4.3 Vervoer van landbouprodukte oorbrug die gaping tussen die produsent en die prosesseeerder of verbruiker deur die aflewering van produkte.

- 4.3.1 Noem VIER vervoermetodes wat vir die aflewering van produkte gebruik kan word. (4)

- 4.3.2 Verduidelik VYF faktore wat die vervoermetode bepaal wat vir produkte gebruik sal word. (5)

- 4.4 Noem DRIE tipes verkoelingsmetodes wat produkte na die oesproses teen bederf beskerm. (3)

- 4.5 Produkte met toegevoegde waarde word uit rou landbouprodukte geproduseer.

- 4.5.1 Noem die prosesseringsmetode wat by elk van die volgende voedselbedrywe in Suid-Afrika gebruik word:

- (a) Bakbedryf
- (b) Vleisbedryf
- (c) Vrugtebedryf
- (d) Melkbedryf
- (e) Peusel(happie)bedryf (5)

- 4.5.2 Onderskei tussen die gebruik van die volgende verhittingstegnieke by voedselpreservering:

- (a) Pasteurisasie (2)
- (b) Sterilisasie (2)

4.6	Noem VIER elemente van effektiewe besluitneming.	(4)
4.7	Noem TWEE metodes wat as interne motivering vir werkers op 'n plaas gebruik word.	(2)
4.8	Beskryf die volgende vorme van agritoerisme:	
4.8.1	Plaasverblyfvakansie	(2)
4.8.2	Ekotoerisme	(2)
4.8.3	Binnelandse toerisme	(2)
4.9	Kies 'n produk en noem VIER stappe wat jy sal volg vanaf die oes van die finale produk totdat dit markgereed is.	(4)
4.10	Verduidelik hoe jy die vervaldatum van jou geprosesseerde produk sal bepaal.	(2)
		[50]
TOTAAL AFDELING B:		150
GROOTTOTAAL:		200